ALHOEWEL HIERDIE ONKRUIDDODER OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS, WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT HIERDIE PRODUK ONDER ALLE OMSTANDIGHEDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEKTIVITEIT DAARVAN BEÏNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE GROND-, KLIMAAT- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE ONKRUID TEEN DIE ONKRUIDDODER SOWEL AS DIE METODEDE, TYD EN AKKURAAHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING, OF NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER, OF VIR DIE GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE ONKRUIDDODER AS GEVOLG VAN DIE VERSMU VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM, OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE.

VOORSORGMATREËLS:

VOORSORGSTELLINGS:

- Vermyn inaseming van poeier/walm/gas/stuifsel/dampe/spuitstof.
- Was hande deeglik na hantering.
- Dra beskermende handskoene/beskermende kler/oogbeskerming/gesigbeskerming.
- **INDIEN IN OÊ:** Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
- Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.

Moenie eet, drink of rook tydens gebruik of daarna alvorens deeglik gewas en skoon kler aangetrek is nie.

Voorkom die wegdrywing van spuitnewel en/of besoedeling van gevoelige of eetbare gewasse, weiding, en enige ander nie-teikengebied. Dit mag ernstige gewasskade veroorsaak.

Direkte of spuitnewelkontak van **ROUNDUP TURBO** met die blare, groen en/of onvolwasse bas en vrugte van nie-teikenplante kan lei tot gelokaliseerde of getranslokeerde skade.

Moenie drinkwater, eetgerei, voedsel, voer, saad, kunsmis en enige ander landbouchemikalieë besoedel nie.

Spoel lê houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitentk en vernietig dan die houer deur dit stukkend te steek en plat te trap. Moenie vir enige ander doel gebruik nie.

Hervin of gooi in 'n goedgekeurde stortterrein.

RELEVANTE STOWWE:

Formulasie komponent	CAS nommer	Konsentrasie (%)
Kaliumsout van glifosaat	70901-12-1	42.0
Vetterige alkiel eter alkiel amien ethoxylate	68478-96-6	> 1 – < 10

WEERSTANDSWAARSKUWING:

ROUNDUP TURBO is 'n groepkode G onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **ROUNDUP TURBO**, of enige ander groepkode G onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorneem. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **ROUNDUP TURBO** of enige ander groepkode G onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidodder groepkodes.
- Integreer ander beheermatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.

- **ROUNDUP TURBO** simptome kan vanaf 5 dae na bespuiting sigbaar word.
- **ROUNDUP TURBO** moet op die groen blare van die teiken onkruid toegedien word. Daar moet verseker word dat daar 'n egalige druppelverspreiding op alle blare van die teiken onkruid is.
- Dit is nie nodig om onkruid tot die punt van afloop te bespuit nie.
- Moenie **ROUNDUP TURBO** spuit as die onkruid nat is, of onder stremming is as gevolg van droogte- of versuip toestande, of dormant is, of met stof bedek is of deur ryp beskadig is nie.
- Reën of besproeiing binne 2 ure na bespuiting mag die **ROUNDUP TURBO** effektiwiteit verminder.
- Enige hergroei van behandelde onkruid moet met 'n kolbespuiting oorbekandel word voordat die hergroei gevestig raak.
- Voorplant toediening van **ROUNDUP TURBO** op sanderige grond (minder as 10 % klei) met lae organiese materiaal inhoud en lae mikrobe aktiviteit, moet ten minste 14 dae voor die uitplant van saailing plaasvind.
- Moenie die aanbevole dosis oorskry nie.
- Die gebruik van 'n hoë kwaliteit ammoniumsulfaat bron, soos Velocity-Gilfo of ATP Amsul 50, word aanbeveel teen 2 % bygevoeg by die spuitwater voor die **ROUNDUP TURBO** bygevoeg word.

Spuitoplossing vir handsprute en kolbespuiting.

Volume	Hoeveelheid ROUNDUP TURBO				
	1,2 %	1,5 %	2,0 %	3,0 %	4,0 %
5 ℓ	60 mℓ	75 mℓ	100 mℓ	150 mℓ	200 mℓ
10 ℓ	120 mℓ	150 mℓ	200 mℓ	300 mℓ	400 mℓ
20 ℓ	240 mℓ	300 mℓ	400 mℓ	600 mℓ	800 mℓ
50 ℓ	600 mℓ	750 mℓ	1000 mℓ	1500 mℓ	2000 mℓ
100 ℓ	1200 mℓ	1500 mℓ	2000 mℓ	3000 mℓ	4000 mℓ

Waar rugsakspuitte gebruik word, word aanbeveel dat die voorgeskrewe hoeveelheid van hierdie produk met water in 'n groot houër vermeng word. Die rugsakspuit kan dan met die vermengde oplossing gevul word.

'n Minimum van 1,2 % **ROUNDUP TURBO** spuitoplossing moet gehandhaaf word. Indien nodig moet die spuitvolume aangepas word om 'n minimum spuitoplossing van 1,2 % te verseker (bv. 1,2 ℓ **ROUNDUP TURBO** in 98,8 ℓ water). Vir lae watervolumes insluitend "CDA" en "ULV" toedieningsapparaat gebruik altyd aanbevole liters per hektaar dosisse volgens onkruidspesie tabelle. Moet nie 'n spuitkonsentrasie van 40 % oorskry nie.

VERENIGBAARHEID:

Indien in 'n tenkmengsel met ander landboumiddels gemaak word, moet die etiketaanbevelings van al die betrokke middels nagekom word. **ROUNDUP TURBO** kan met **Guardian** en **Harness Xtra** in 'n tenkmengsel gespuit word om residuele beheer te gee en met 2,4-D amien en MCPA (kaliumsout) om beheer van moeilike breëblaar onkruid te verbeter asook vir die beheer van opslag **Roundup Ready** katoen en sojabone. Verwys na hierdie etikette. Indien **ROUNDUP TURBO** met ander landboumiddels gemeng word, word dit aanbeveel om 'n ammoniumsulfaat mengsel (2 kg of 2 ℓ in elke 100 ℓ spuit water) by die spuitwater te voeg voordat die betrokke middel by die water gevoeg word. **ROUNDUP TURBO** word direk na die amoniumsulfaat bygevoeg, maar voor die ander genoemde produkte. Indien alkaliese of harde spuitwater gebruik word, word dit aanbeveel om ammoniumsulfaat soos hierbo by die spuitwater te voeg of om 'n buffer, soos Bladbuff 7, by die spuitwater te voeg alvorens die **ROUNDUP TURBO** bygevoer word. Moet nie buffer indien 2,4-D amien of MCPA gebruik word nie.

ROUNDUP TURBO is verenigbaar met **Alion**.

TOEDIENINGSVEREISTES:

Voer gebruik, verseker dat die spuittoerusting skoon en korrek gekalibreer is. Gebruik skoon water. Voorkom die gebruik van brak of modderige water of water met 'n hoë organiese materiaalinhoud. Waar alkaliese en/of harde water voorkom, word die byvoeging van 'n buffer volgens die etiket aanbeveel. Spuitvolumes moet minder as 200 ℓ/ha wees. Om wegdrywing van spuitnevel te beperk, word dit aanbeveel om lae druk (1 - 1,5 bar) en lae spuitvolumes (80 - 150 ℓ/ha) te gebruik. Moenie spuit as die windsnelheid 10 km/uur oorskry nie.

LUGTOEDIENING

ROUNDUP TURBO kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 0118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word.

Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Suiptmengsel volume van 30 tot 50 l per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 400 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die bineste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerkpuntvorteks** beweeg.
- Die gebruik van 'n geregistreerde drywingsbeheermiddel en/of 'n lae drywing lugbespuiting spuitstuk (bv. "straight stream nozzle") word aanbeveel.
- Die verskil in **temperatuur** tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihygrometer, moet nie 8° C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 10 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

TOEDIENINGSDOSISSE:

ROUNDUP TURBO sal eenjarige onkruid beheer soos hieronder aangedui. Saailinge en jonger plante is meer sensitief en kan met die laer dosis beheer word.

Aanbevelings word gegee in liter per hektaar vir algehele bespuitings en as 'n persentasie vir kolbespuitings.

TABEL 1a: Aanbevole dosis

EENJARIGE ONKRUIDE			
ONKRUID GROEISTADIUM			
	1 - 12 Blare	12+ blare tot voor blom	Blom
Breedwerpig	800 - 1250 ml/ha	1250 - 2500 ml/ha	2500 - 4000 ml/ha
Kolbespuiting	1,0 - 1,5 %	1,5 %	1,5 - 2,5 %

TABEL 1b: Aanbeveling vir moeilik beheerbare eenjarige onkruid

EENJARIGE ONKRUIDE	
ONKRUID	GEWONE NAAM
* <i>Commelina benghalensis</i>	Wandelende jood
* <i>Conyza canadensis</i>	Kanadese skraalhans
* <i>Conyza floribunda</i>	Vaalskraalhans
** <i>Lolium multiflorum</i>	Italiaanse raaigras
** <i>Lolium temulentum</i>	Drabok
* <i>Portulaca oleracea</i>	Gewone porselein
* <i>Sida cordifolia</i>	Hartblaartaaiman
* <i>Solanum nigrum</i>	Nastergal

Vir verlengde onkruidodder nawerking kan **ROUNDUP TURBO** in tenkmengsels met sekere residuele onkruidodders (sien "MENGBAARHEID") volgens aanbevole dosisse in sekere situasies gebruik word.

Voeg 0,5 l 2,4-D amien of MCPA by om beheer te verbeter.

**Wisselvallige beheer mag by hierdie onkruid voorkom.

TABEL 2: TWEELAJIGE, MEERELAJIGE EN WATERONKRUIDE

ONKRUID	GEWONE NAAM	AANVANKLIKE BESPUTING		OPVOLG- BESPUTING		KOLBE- SPUITING		OPMERKINGS
		Dosis //ha	Oplossing %	//ha	%	//ha	%	
<i>Acacia meamsii</i>	Swartwattel	2,4	1,2		1,2		1,2	Spuit tot 1 m hoogte.
<i>Acacia saliana</i>	Port Jackson Willow	1,5	1,2		1,2		1,2	Slegs vir saailinge: Tweeblaarstadium.
		3,0	1,2		1,2		1,2	Slegs vir saailinge: Tot 60 cm hoogte.
<i>Caesalpinea decapetula</i>	Kraaldoring	2,4	1,2		1,2		1,2	Spuit tot 1 m hoogte.
<i>Chromolaena odorata</i>	Eupatorium	2,4	1,2					Kap gevestigde plante af. Bespuit hergroei op 50 - 120 cm hoogte. Verseker volledige druppelbedekking op die lower. Vorige gekapte meerstammige plante mag 'n opvolg behandeling benodig.
<i>Convolvulus arvensis</i>	Akkerwinde	4,8	2,4	2,4	1,2	2,4	1,2	Dien toe sodra begin blom. Opvolgbespuiting of kolbespuit op hergroei.
<i>Cynodon dactylon</i>	Kweek	4,8	2,4	3,0	1,5	3,0	1,5	Dien toe in die herfs en doen opvolgbespuiting of kolbespuiting van hergroei gedurende die somer. Of, dien toe in die somer en doen opvolgbespuiting van hergroei in die herfs.
		7,2	3,6	3,0	1,5	3,0	1,5	Winterreënvalgebied: Dien toe in herfs maar voor enige ryp.
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie	4,8	2,4	2,4	1,2	2,4	1,2	Dien toe voor plant blom. Opvolgbespuiting of kolbespuit op hergroei gedurende Feb/Mar.
<i>Cyperus rotundus</i>	Rooiuintjie	4,8	2,4	2,4	1,2	2,4	1,2	Dien toe voor plant blom. Opvolgbespuiting of kolbespuit op hergroei gedurende Feb/Mar.
<i>Eichhornia crassipes</i>	Water hiasint	4,8	2,4		2,4		2,4	Rugsakspuit
			3,2		3,2		3,2	Newelblaser
								Dien toe wanneer nuwe blare maksimaal sigbaar is.
<i>Eragrostis curvula</i>	Oulandsgras	1,5	1,2		1,2		1,2	
<i>Erodium moschatum</i>	Turknael	2,4	1,2		1,2		1,2	Dien toe voor 12-blaarstadium in 'n tenk-mengsel met die aanbevole MCPA-dosis.
<i>Lantana camara</i>	Gewone lantana	2,4	1,2		1,2		1,2	Rugsakspuit.
			3,2		3,2		3,2	Newelblaser.

ONKRUID	GEWONE NAAM	AANVANKLIKE BESPUITING		OPVOLG- BESPUITING		KOLBE- SPUITING		OPMERKINGS
		Dosis l/ha	Oplossing %	l/ha	%	l/ha	%	
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar	2,4	1,2		1,2		1,2	Besluit voor blom alleenlik in tenkmengsel met die aanbevole simasiendosis.
<i>Oenothera stricta</i>	Nagblom	2,4	1,2		1,2		1,2	Dien toe voor 12-blaarstadium in 'n tenkmengsel met aanbevole simasiens dosis.
<i>Opuntia ficus-indica</i>	Turksvy							Stam-inspuiting: Dien 2 ml van 'n 18,0 % oplossing in elk van 4 - 12 voorafgeboorde gate in die stam van bome met 20 - 250 blaie toe (Raadpleeg u verteenwoordiger vir meer besonderhede).
<i>Panicum maximum</i>	Buffelsgras	4,8	2,4	2,4	1,2	2,4	1,2	Opvolgbespuiting of kolbespuiting op hergroei.
<i>Paspalum dilatatum</i>	Polpaspalum	4,8	2,4	2,4	1,2	2,4	1,2	Dien toe met blom, maar beslis voor saadval. Opvolgbespuiting of kolbespuiting op hergroei.
<i>Panicum paspaloides</i>	Kweekpaspalum	6,5	3,0	3,0	1,5	3,0	1,5	Dien toe met blom, maar voor saadval. Opvolgbespuiting of kolbespuiting op hergroei.
		7,2	3,6					Winterreënvalgebied: Dien toe in herfs, maar voor enige ryp.
<i>Pennisetum clandestinum</i>	Kikoeje	3,0	1,2	2,4	1,2	2,4	1,2	Dien toe op aktiewe groei in somer of herfs in die winterreënvalgebied, maar voor enige ryp. Opvolgbespuiting of kolbespuiting op hergroei.
<i>Phragmites australis</i>	Fluitjiesriet	4,8	2,4		1,2		1,2	Rugsaksput. Kap hergroei af. Besluit daaropvolgende hergroei op 45 cm hoogte.
			3,2		1,5		1,5	Newelblaser. Kap hergroei af. Besluit daaropvolgende hergroei op 45 cm hoogte. Dien toe op 20 - 30 % blom-stadium.
<i>Phytolacca heptandra</i>	Inkbessie	2,4	1,2		1,2		1,2	Sput tot 1 m hoogte.
<i>Plantago lanceolata</i>	Tongblaar	2,4	1,2		1,2		1,2	Besluit voor blom.
<i>Rubus</i> spp.	Brame	4,8	2,4		1,2		1,2	Rugsaksput
			3,0		1,5		1,5	Newelblaser
<i>Rumex</i> spp.	Steenboksuring	2,4	1,2		1,2		1,2	Besluit voor blom.
<i>Sesbania punicea</i>	Sesbania	2,4	1,2		1,2		1,2	Saailinge: Tot 1 m hoogte.
		2,4	1,2 1,5		1,2 1,5		1,2 1,5	Struik - lang bome: Sny af en besluit hergroei op 1 m hoogte.
		3,0	1,5		1,5		1,5	Saailinge: hoër as 1 m.

ONKRUID	GEWONE NAAM	AANVANKLIKE BESPUITING		OPVOLG- BESPUITING		KOLBE- SPUITING		OPMERKINGS
		Dosis l/ha	Oplossing %	l/ha	%	l/ha	%	
<i>Setaria chevalieri</i>	Bosbuffelsgras	4,8	2,4		1,2		1,2	Rugsakspuit
			3,0		1,5		1,5	Newelblaser
<i>Solanum mauritanum</i>	Luisboom	1,5	1,2	1,2				Saailinge: Spuit tot 1 m hoogte.
		1,5	1,2		1,2		1,2	Groot bome: Kap stam terug tot 5 - 20 cm hoogte. Spuit indien hergroei kniehooft is.
<i>Sorghum bicolor</i>	Wilde graansorghum	1,5	1,2		1,2	1,2		
<i>Sorghum halepense</i>	Johnson gras	3,0	1,5	2,4	1,2	2,4	1,2	Opvolgbespuiting op hergroei, of kolbespuiting.
<i>Stipa trichotoma</i>	Nasella polgras	4,8	1,2		1,5		1,5	Gebruik hoë volume-mengsel van 400 l/ha. Kolbespuit hergroei of bespuit vroeg in lente.

TABEL 3: GEWAS AANBEVELINGS

Gewasse - Algemeen

Aalwyn, Amandels, Appels, Appelkose, Avokado, Grenadella, Hops, Kersie, Kiwi vrugte, Koffie, Koejawel, Kwepers, Lietjies, Mangos, Makadamianeute, Nektariens, Olywe, Papaja, Pere, Perskes, Pekanneute, Pruime, Pruimedante, Sagtevrugte en Tee.

Aanbevole dosis:

Sien aanbevelings vir spesifieke onkruidbeheer.

Verny spuitkontak met blare, groen of onvolwasse bas en vrugte van nie-teiken plante / gewas tydens toediening. By bome met groen bas (gewoonlik jonger as 2 jaar), moet die stamme beskerm word teen sproei- en kontak.

GEWASSESPESIFIEK		
GEWAS	OPMERKINGS	
Landerye (Eenjarige onkruid)	Tabel 1a & b	Gebruik ROUNDUP TURBO na oes van die vorige gewas, maar voor opkoms van die nuwe gewas. Gebruik die hoër dosis vir eenjarige onkruid ouer as die 12 blaar-stadium of gevestigde plante. Die byvoeging van 0,5 l MCPA of 0,5 l 2,4-D (amiesout) per ha sal beheer van moeilike onkruid verbeter en sal ook opslag Roundup Ready soja- en katoenplante beheer.
Landerye (Meerjarige onkruid)	Tabel 2	Vir wintergeharde of houtagtige <i>Coryza</i> spp. (Skraalhans) en <i>Senecio</i> spp. gebruik 2,3 - 3,6 l/ha. Die byvoeging van 1,0 l/ha 2,4-D (amien) sal beheer verbeter in voorplant situasies.
Bosbou	Tabel 1 & 2	Vir die vestiging van: - Vuurbane, algeheel of stroke; - Voorplant stroke in onversteurde veld; - Na oes, voor plant skoonmaak; - Wattel hervestiging en die beheer van indringer-, skadelike en meerjarige of probleemonkruid.

GEWASSPESIFIEK (Vervolg)

GEWAS		OPMERKINGS
Bloekom stomp uitwissing	50 ml/ van 10 % oplossing	Enkelstam stompe (bome wat nie hergroeï van 'n moederstam nie).
Notas oor bloekomboom stomp uitwissing: - Dien oplossing toe vir volledige benatting van veral die kambium-area (waar bas en hout ontmoet). - Gebruik 'n lae druk rugsakspuit met volkegel spuitpunte vir volledige stompenbenatting. Dien toe nadat die bome gefel is en die saagsels op die oppervlakte verwyder is. Stompe wat uitloop na behandeling moet korter afgesaag of geringeleer word om die totale kambium bloot te lê vir verdere behandeling. 'n Pluiserige hergroeï mag voorkom wat normaalweg terugsterf. Indien nie, verwyder met die hand of spuit 'n 1,5 % ROUNDUP TURBO oplossing met die nodige voorsorg om wegdrywing na nuutgevestigde saailinge te voorkom. - Ander spesies as <i>Eucalyptus grandis</i> mag wisselvallige resultate met ROUNDUP TURBO lewer en 'n herbespuiting mag nodig wees.		
Piesangs		Beskerm suiers en groen stamme teen sproeikontak.
Brame		Gebruik slegs bestryktipe toerusting. Vermoë kontak met die gewas.
Pynappels en Turksvye		Dien alleenlik toe as 'n gerigte tussenry-bespuiting.
Wingerd		Dien ROUNDUP TURBO as volg toe: 1 jaar oue wingerd - jaar van plant (1^{ste} blad): - Dormante stadium - doen gerigte tussenry-bespuiting en snoei direk na toediening (binne 24 uur). - Na bot - skerm stokke af en doen gerigte tussenry-bespuiting of gebruik 'n bedekte spuit. 2 jaar oue wingerd - 1 jaar na plant (2^{de} blad): - Dormante stadium - kan bo-oorstokke toedien en snoei direk na toediening (binne 24 uur). - Na bot - skerm stokke af en doen gerigte tussenry-bespuiting of gebruik 'n bedekte spuit. NOTA: Indien inboetstokke aanwesig is, behandel soos vir 1^{ste} blad wingerd. Vanaf 3 jaar en ouer wingerd - (3^{de} blad en ouer): - Dormante stadium - kan bo-oor stokke toegedien word. - Na bot - doen gerigte tussenry-bespuiting of gebruik 'n bedekte spuit.
Sisal		Dien as 'n gerigte tussenry-bespuiting toe in kwekery en by volwasse plante.

GEWAS - SUIKERRIET

DOSIS //HA	OPMERKINGS
0,8 - 2,5	Voor plant Dien toe op aktiefgroeïende EENJARIGE onkruid
Tabel 2	Dien toe op aktiefgroeïende MEERJARIGE onkruid
1,5 % Oplossing	Randbespuiting en Kolbespuit om landerye Dien as 'n 1 m wyd randbespuiting toe op aktiefgroeïende onkruid om landerye veral waar kruipende grasse (rankgrasse) landerye wil binnedring.
6,5 - 8,0	Laaste ratoen uitwissing a) Minimumbewerking: Laat hergroeï toe tot 45 cm hoogte na laaste ratoen (stoelstadium voltooi). Dien 100 - 200 //ha mengsel toe sodra halmis verskyn. Verseker totale bedekking van teiken suikerriet.
3,3 - 6,5	b) Kombinasie-bewerking: Bespuit hergroeï op 35 - 100 cm hoogte met ROUNDUP TURBO na laaste ratoen. Sny die suikerrietstoele na verloop van 1 - 10 dae op 'n diepte van 10 - 15 cm onder die grondoppervlak met 'n lem of soortgelyke implement. Sekere onkruid sal ook deur die behandeling beheer word. Gebruik die hoër dosis op vrugbare gronde waar hergroeï 'n probleem is.
8,0 % Oplossing	Koluitwissing Dien gerig toe op die lower van besmette (bv. Brand) of af-tipe plante.
0,6	Rypmaking Grond bespuiting
0,8	Lugtoediening

Notas oor rypmaking:

- Dien toe op aktiefgroeïende riet met ten minste 8 groen blare.
- Moenie lande in die laatseisoen bespuit as meer as 15 % van die halmis in blom is nie.
- Riet gekap van April tot Julie: Dien 6 - 8 weke voor kap toe.
- Riet gekap van Oktober tot Januarie: Dien 4 - 6 weke voor kap toe.
- Moenie probeer om riet ryp te maak wat onder stremming verkeer nie.
- Moenie lande bespuit wat vir saaddoeleindes gekap word nie.
- **ROUNDUP TURBO** sal suikerriet rypmaak wat volgroeï is (tot op 90 % suiwerheid), maar die beste resultate word verkry as rietkwaliteit laag is (jong onvolwasse riet of vroeg en laat in die seisoen).
- Hou aan met besproeiing waar van toepassing so lank as moontlik na toediening voordat die rypmaakperiode (waar van toepassing) begin.
- Alle bestaande goedgekeurde kommersiële kultivars kan rypgemaak word.
- Die grootste suikrose-toename is gekonsentreer in die boonste nodes. Sny by die basis van die vierde blaarskede.
- Chemiese aktiviteit, 3 - 4 weke na toediening, is soms waarneembaar as 'n effense vergeling vroeg in die seisoen en knopswel en sy-spruiting laat in die seisoen. Knopgroeï-stop en spildood mag ook voorkom.
- Ratoenriet mag meer halmis ontwikkel, wat aanvanklik verpot mag voorkom, met vergeling op die blare wat sal herstel.

GEWASSPESIFIEKE - TENKMENGSELS

Gebruik die aanbevole dosisse en hou by die beperkings op die etiket van die betrokke produkte.

GEWAS	DOSIS //HA	ANDER PRODUK DOSIS //HA	OPMERKING
Appels, Pere, Wingerd	Volgens onkruidtabelle	MCPA (Kaliumsout)	Dien toe wanneer onkruid soos Tongblaar (<i>Plantago lanceolata</i>) en Turksnael (<i>Erodium moschatum</i>) jonk is en aktief groei met die aanbevole MCPA dosis.
	1,2	3,0	Vroeë winter: (Onkruid kleiner as 15 cm hoogte). Die kombinasie word NIE vir Kiesieblaar (<i>Malva parviflora</i>), Gousblom (<i>Arctotheca calendula</i>), Hawersaadgras (<i>Ehrharta</i> spp.), Echiem spp. (<i>Echium vulgare</i>), Raaigras (<i>Lolium</i> spp.), Sydiessel (<i>Sonchus oleraceus</i>) en Predikantsluis (<i>Bromus</i> spp) aanbeveel NIE.
	1,5	4,0	Laatwinter: (Onkruid kleiner as 30 cm hoogte). Gebruik die hoër dosis vir Klawer (<i>Medicago polymorpha</i>), Koperdraad (<i>Polygonum aviculare</i>) en Steenboksuring (<i>Rumex angiocarpus</i>).

Voorsorgmaatreëls:

- Voorkom spuit- of sproeinewelkontak met blare, groen en jong bas van stamme, asook vrugte van gewasse.
- Laat 'n periode van 10 dae toe na snoei, of verwydering van laaghangende takke en suiers, alvorens onkruid in meerjarige gewasse bespuit word.
- Jong boompies met groen bas (normaalweg jonger as 2 jaar); beskerm stamme teen sproeikontak.

TABEL 4: GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY)

Die groei en blom van meerjarige pol- en kruipgrasse, tweejarige en meerjarige breëblaar- en eenjarige onkruid kan beheer word deur die toediening van nie-dodelike dosisse nadat die plante afgesny is.

ONKRUID	NAAM	DOSIS m//ha	OPMERKINGS
	Eenjarige onkruid en saailinge	170 - 800	Goed ontwikkelde eenjarige onkruidsaailinge en jong plante mag deur hierdie behandeling beheer word.
<i>Bromus unioloides</i>	Reddingsgras	320 - 640	
<i>Cynodon dactylon</i>	Gewone kweek	320 - 800	
<i>Digitaria eriantha</i>	Smutsvingergras	320 - 800	
<i>Erodium moschatum</i>	Turksnael	480 - 640	
<i>Festuca</i> spp	Swenkgras	320 - 640	
<i>Hyparrhenia hirta</i>	Dek tamboekiegras	320 - 800	
<i>Lolium</i> spp	Raaigras	320 - 640	
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar	480 - 640	
<i>Paspalum dilatatum</i>	Gewone paspalum	320 - 640	

TABEL 4: GROEI-REGULERING (CHEMIESE SNY) (Vervolg)

ONKRUID	NAAM	DOSIS m//ha	OPMERKINGS
<i>Paspalum urvillei</i>	Langbeen paspalum	320 - 640	
<i>Pennisetum clandestinum</i>	Kikoejoe	170 - 480	
<i>Plantago lanceolata</i>	Tongblaar	480 - 640	
<i>Sporobolus africanus</i>	Rotstert fynsaadgras	480 - 800	
	Opvolgbespuitings	Tot by 480	Alle onkruid in die Tabel 4 Gebruik laagste dosis hierbo.

Notas:

Toets op 'n klein oppervlakte alvorens groot oppervlakte bespuit word om die optimale dosis te kry vir effektiewe groei regulering.

- Dien **ROUNDUP TURBO** 5 - 10 dae na afsny toe. Gebruik die korter interval in die lente en somer tydens meer aktiewe groei.
- Toediening behoort 2 - 4 meganiese operasies te vervang afhangend van dosis, spesie en weerstoestand.
- Hoër dosisse sal groei langer onderdruk met 'n gepaardgaande hoër voorkoms van aanvanklike chlorose (vergeling)
- Meerjarige grasse is meer sensitief vir **ROUNDUP TURBO** in die herfs. 'n Groter mate van chlorose kan dus verwag word. Gebruik 'n laer dosis om dit te voorkom. Gebruik die laer dosis op grasse gedurende laat lente en somer in vrugteboorde en wingerde in die winteroewerveldgebied, waar die tussen-ry nie besproei word nie (bv. drup besproeiing).
- Moenie toedien op plante wat onder stremming verkeer nie bv. droogte, versuip, ens.
- Verwyder oortollige plantmateriaal na sny, voor bespuiting.
- Dien 50 - 200 l/ha spuitvolume toe en verseker 'n egalige druppelverspreiding op die blare van teiken plante.

TABEL 5: WEIDINGSOPKNAPPING**Meerjarige rankgrasbesmetting:**

Konvensioneel: Meganiese en chemiese opknapping.

Ligte onkruiddruk: Berei saadbed voor. Laat meerjarige rankgras en eenjarige onkruid opkorm. Dien **ROUNDUP TURBO** toe volgens aanbevole dosisse vir onkruidspektrum. (Sien Tabel 1) Saai nuwe weiding 3 - 4 dae na toediening.

Hewige onkruiddruk: Bewerk die onkruid en laat hergroei toe. Spuit dan die aanbevole **ROUNDUP TURBO** dosis. Laat 7 dae voor 'n tweede bewerking, saadbedvoorbereiding en plant/saai.

Voorsaa onkruidbeheer: Nuut ontkiemende onkruid kan beheer word met 0,8 - 2,3 l/ha. *Cyperus* spp benodig 4,8 l/ha. Saai die nuwe weigewas 3 - 4 dae na toediening.

Vervanging van weiding en veld verbetering: Verminder plantmateriaal deur af te sny of te bewe. Dien **ROUNDUP TURBO** 3 - 4 weke daarna toe op hergroei. Plant die nuwe weigewas 3 - 4 dae na bespuiting.

Onderhoud van weiding: Beheer een- en meerjarige onkruid in weidings deur kolbespuitings met 'n 1,2 % oplossing of gebruik 'n bestryktipe toedienaar waar onkruid bokant die weiding uitsteek (sien Tabel 6).

Notas:

- Gebruik die aanbevole dosis om eenjarige (Tabel 1a en b) en meerjarige onkruid (Tabel 2) te beheer tydens opknapping van gevestigde weidings.
- Gebruik konvensionele of direkte plantmetodes.
- Voorkom dat geil onkruidgroei nie verhoed dat teikenplante benat word nie.
- Moenie ou, swaar gevestigde Kikoejoe of Fynkweek met verminderde groen blaaroppervlakte bespuit nie. Brand die grasmaas aan die einde van die winter. Laat hergroei toe en bespuit dan in die laatsomer vir herfs vestiging van die nuwe weiding.

TABEL 6: BESTRYKTOEDIENING

TIPE TOEDIENER	OPLOSSING	OPMERKINGS
Rollertoediener handtipe.	Eenjarige onkruid 3,0 % Meerjarige onkruid 6,0 %	100 - 150 //ha oplossing word aanbeveel waar konvensionele bespuiting onprakties is, bv. laag opgeleide bostok wingerde.
Handmodel of trekker gemonteerde tou-tipe toediener.	25,0 %	Dien tot en met 3,0 //ha oplossing /ha toe in boorde en waar onkruid- en gewashoogtes verskil, bv vir beheer van opslag of laat ontkiemende onkruid in boontjies en grondboontjies.

Notas:

- Gebruik 'n bestryktipe toediener wat deur Bayer (Edms) Bpk. goedgekeur is. Die tipe toediensers maak gebruik van absorberende materiaal om die **ROUNDUP TURBO** oplossing oor te dra op die plante waarmee dit in aanraking kom.
- Verseker dat die bestrykoppervlakte skoon gehou word. Die bestrykoppervlakte MOET NIE met die gewas in aanraking kom nie.

Die volgende handelsmerke en registrasies word erken kragtens Wet Nr 36 van 1947:

Produk	Reg. Nr.	Registrasiehouer
Bladbuff® 7	L8121	AECI Beperk
Guardian®	L4862	Bayer AG
Harness® Xtra	L7703	Bayer AG
MCPA (K salt)	L3616	DOW AgroScience (Edms) Bpk.
2,4-D amine	L3619	DOW AgroScience (Edms) Bpk.
Velocity-Glifo	L7768	Villa Crop Protection (Edms) Bpk.
ATP Amsul-50	L7721	Applied Technical Products c.c.

© Bayer (Edms.) Bpk. Alle ongereguleerde reproduksie van hierdie etiket word verbied.

Roundup[®] **TURBO** HERBICIDE



SEE ENCLOSED PAMPHLET FOR FULL PARTICULARS
BEFORE USING THIS PRODUCT PLEASE READ THE
LABEL CAREFULLY

Reg. No. L7166 (Act No. 36 of 1947)
Namibian Registration No. N-AR 0638
Botswana Reg. No. W130359 (Act No. 18 of 1999)

SIEN INGESLOTE PAMFLET VIR VOLLEDIGE
BESONDERHEDE

Reg. Nr. L7166 (Wet Nr. 36 van 1947)
Namibiese Registrasie Nr. N-AR 0638

A water soluble concentrate non-selective
post-emergence herbicide containing TransSorb[®]
surfactant for the control of annual and perennial
weeds in agricultural, non-crop, conservation and
industrial sites.

'n Nie-selektiewe na-opkoms wateroplosbare
onkruidodder met TransSorb[®] benatter vir die
beheer van een- en meerjarige onkruid in
landbou, onbeboude, bewaringsgebiede en
nywerheidsgebiede.

GROUP / GROEP **G** HERBICIDE / ONKRUIDODDER



WARNING

HAZARD STATEMENTS:

Causes serious eye irritation.

PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Do not breathe dust/ fume/ gas/ mist/ vapours/ spray. Wash hands thoroughly
after handling. Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face
protection. IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove
contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing. If eye irritation persists:
Get medical advice/ attention.

Active ingredient:

Glyphosate (glycine)..... 450 g/l
(contains 551 g potassium salt of glyphosate)

Aktiewe bestanddeel:

Gifstofsaat (glisien)..... 450 g/l
(bevat 551 g kaliumsuut van gifstofsaat)

REGISTERED BY / GEREGETREER DEUR: Bayer (Pty) Ltd / (Edms) Bpk

Reg. 1968/011192/07

P.O. Box/Posbus 143, Isando, 1600 South Africa/Suid-Afrika

Tel. No. / Nr. (OFFICE HOURS) / (KANTOORURE): +27 (11) 921 5911

IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN

VERGIFTIGING SKAKEL ASSEBLIEF: 0861 555 777

Global Incident Response Hotline: +1 (760) 476-3964 (Company 3E for Bayer)

Roundup[®] is a registered trademark of Monsanto Technology LLC

Roundup[®] is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC

© Bayer (Pty) Ltd

BATCH NUMBER / LOTNOMMER: See on pack

DATE OF MANUFACTURE /

DATUM VERVAARDIG: Sien op houer

UN No. / VN Nr.: 3082

